

**eduresourceza.com**

Downloaded from eduresourceza.com

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

## NOVEMBER 2012

**PUNTE: 70**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 35 bladsye.**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees AL die instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. Moenie die hele vraestel deurlees nie.

2. Gebruik die inhoudsopgawe om jou met jou keuses te help.

3. Die vraestel bestaan uit VIER afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: Roman | (35) | Kies EEN vraag uit die afdeling/ afdelings wat jy behandel het. |
| AFDELING B: Drama | (35) | |
| AFDELING C: Kortverhale | (35) | |
| AFDELING D: Gedigte | (35) | Kies TWEE vrae indien jy hierdie afdeling behandel het. |

4. Lees die inhoudsopgawe op bladsy 3 en dui die vraagnommers van die TWEE letterkundetekste wat julle in die klas behandel het, aan.

5. Lees dan die vrae oor hierdie TWEE tekste wat julle behandel het en kies die tipe vraag wat jy wil doen, byvoorbeeld die opstelvraag/kontekstuele vraag.

6. Beantwoord TWEE vrae: EEN vraag uit elkeen van die TWEE afdelings wat julle behandel het.

7. Begin ELKE afdeling op ʼn NUWE bladsy.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

9. Laat ʼn reël oop na elke antwoord.

10. Voorgestelde tydsindeling: Ongeveer 60 minute per afdeling/vraag

11. Skryf netjies en leesbaar.


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**INHOUDSOPGAWE**

Kies TWEE afdelings.

**AFDELING A: ROMAN**

Beantwoord net EEN vraag.

| VRAAGNOMMER | VRAAG | PUNTE | BLADSYNOMMER |
|---|---|---|---|
| 1. *Kringe in 'n Bos* | Opstelvraag | 35 punte | 4 |
| | **OF** | | |
| 2. *Kringe in 'n Bos* | Kontekstuele vraag | 35 punte | 4 |
| | **OF** | | |
| 3. *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom* | Opstelvraag | 35 punte | 7 |
| | **OF** | | |
| 4. *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom* | Kontekstuele vraag | 35 punte | 8 |
| | **OF** | | |
| 5. *Meeulanders* | Opstelvraag | 35 punte | 11 |
| | **OF** | | |
| 6. *Meeulanders* | Kontekstuele vraag | 35 punte | 11 |

**OF**

**AFDELING B: DRAMA**

Beantwoord net EEN vraag.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 7. *Poppie, die drama* | Opstelvraag | 35 punte | 15 |
| | **OF** | | |
| 8. *Poppie, die drama* | Kontekstuele vraag | 35 punte | 15 |
| | **OF** | | |
| 9. *Paljas* | Opstelvraag | 35 punte | 18 |
| | **OF** | | |
| 10. *Paljas* | Kontekstuele vraag | 35 punte | 19 |

**OF**

**AFDELING C: KORTVERHALE**

Beantwoord net EEN vraag.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 11. *Die storie van Piet se oupa* | Opstelvraag | 35 punte | 23 |
| | **OF** | | |
| 12. *Rooi kombersie* | Kontekstuele vraag | 35 punte | 23 |

**OF**

**AFDELING D: GEDIGTE**

Beantwoord die vrae oor enige TWEE van die gedigte.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 13. Stad in die mis | Kontekstuele vraag | 17½ punte | 27 |
| | **OF** | | |
| 14. Things that go bump in the night | Kontekstuele vraag | 17½ punte | 29 |
| | **OF** | | |
| 15. Spore op die maan | Kontekstuele vraag | 17½ punte | 31 |
| | **OF** | | |
| 16. Die hanswors | Kontekstuele vraag | 17½ punte | 33 |


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## AFDELING A: ROMAN

***KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee**

**BEANTWOORD ÓF DIE OPSTELVRAAG ÓF DIE KONTEKSTUELE VRAAG.**

### VRAAG 1: OPSTELVRAAG

In die roman *Kringe in 'n Bos* ervaar Saul uiterlike en innerlike konflik.

Skryf 'n OPSTEL (250–300 woorde) waarin jy die volgende konflikte bespreek:

- Konflik tussen Saul en sy gesinslede
- Konflik tussen Saul en die delwers
- Saul se innerlike konflik

Jou opstel moet 'n inleiding en 'n slot hê. **[35]**

**OF**

### VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

***KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee**

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

> "Ek wil só graag 'n olifant sien," het sy aangehou. "Sien jy dikwels olifante?"
> Hy het sy kop geknik en gehoop sy sou tevrede wees en haar loop kry. Maar nee!
> "Grotes?"
> "Ja," het hy onderlangs gesê; dalk loop sy dan as sy weet wat sy wil weet.
> "Hóé groot?"
> "Baie groot." Hy het nie opgekyk nie.
> "My pa het baie olifanttande. Hulle laai die tande op die skepe, maar hy sê hulle maak nie die olifante dood om die tande te kry nie, hulle vang hulle net, en trek hulle tande uit."
> "Dis 'n lieg!" Hy het 'n oomblik van sy penarie vergeet en dit reguit in haar gesig gesê. "Waar sal 'n olifant hom vir 'n tandetrekkery laat staan vang? Klink vir my na 'n regte bloubokkie-se-gal-storie."
> "Ekskuus?"
> "Niks."
> "Hoe oud is jy?"
> "Veertien." Vir wat wou sy dit weet?
> "Ek is tien. My naam is Kate en dis my sussie, Mary. Wat is jou naam?"
> "Saul."
> "Ons het eers in die Kaap gewoon en daar skoolgegaan. Ons gaan nou hier skool. Waar gaan jy skool?"
> Hy het haar nie geantwoord nie.

2.1 Waar in die dorp het hierdie tweede ontmoeting tussen Saul en Kate plaasgevind? (1)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

2.2 Wat het Joram vir Saul gevra om daar in die dorp te gaan doen? (1)

2.3 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Toe Saul die eerste keer vir Kate gesien het, het sy vir hom soos 'n ... gelyk.

A engel
B model
C prinses
D koningin (1)

2.4 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Toe Kate se skoolmaats die eerste keer vir Saul gesien het, het hulle ...

A gesê hy was wild en vuil.
B sy naam gevra.
C hom geïgnoreer.
D vir hom gelag. (1)

2.5 Waarom het Saul so sterk in reël 11–13 gereageer? (1)

2.6 Kate het haar pa se leuen oor die olifante geglo. Wat sê dit oor die tipe mens wat Kate was? (1)

2.7 Verduidelik in DRIE sinne waarom Saul na die "bloubokkie-se-gal-storie" (reël 13) verwys het toe Kate van haar pa se leuen vertel het. (3)

2.8 Watter belangrike les kan jy as leser, net soos Saul, uit die "bloubokkie-se-gal-storie" (reël 13) leer? (1)

2.9 MacDonald was oneerlik teenoor die houtkappers. Stem jy saam met hierdie stelling? Motiveer jou antwoord. (1)

2.10 Waarom wou MacDonald nie vir Kate toelaat om met Saul te gesels nie? (1)

2.11 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die vraagnommer (2.11.1–2.11.4) en die antwoord neer.

| arm; nuuskierig; ryk; skaam; stom; selfversekerd; ongelukkig; bekommerd |
|---|

Daar was groot verskille tussen Kate en Saul. Kate se gesin was (2.11.1) ..., maar Saul se gesin was (2.11.2) ... Kate was baie (2.11.3) ..., daarom het sy oor olifante uitgevra. Saul kon nie 'n woord aan Kate sê toe sy die eerste keer met hom gepraat het nie, want hy was (2.11.4) ... (4)

2.12 Dink jy Saul het rede gehad om minderwaardig teenoor Kate te voel omdat hy nie skool bygewoon het nie? Motiveer jou antwoord. (1)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

2.13 Hoe het MacDonald dit toe tog moontlik gemaak dat Kate en Saul mekaar beter kon leer ken? (1)

2.14 Waarom het Saul na Sondae uitgesien? (1)

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

> Hy het lank agter die verlate skool gewag. Toe Kate kom, was sy bleek.
>
> "Hulle gaan my met 'n skip Kaap toe stuur," het sy verslae gesê. "Ek moet nou daar gaan skoolgaan."
>
> "Kaap toe?"
>
> "Jane se ma het my deur die draad sien kruip na jou toe en sy het vir my ma gaan vertel."
>
> "Stuur hulle jou daaroor weg?"
>
> "Omdat ek stout is ook," erken sy gelate. "Ek doen altyd die verkeerde dinge, maar ek wil nie weggaan nie, Saul! Jy moet my wegneem en my in die Bos gaan wegsteek totdat hulle spyt kry en die skip weg is. Asseblief?"
>
> Sy mond was skielik droog. "Kate, wag nou ..."
>
> "Ek wil nie weggaan nie, Saul."
>
> "Ek kan jou nie Bos toe neem nie, jou pa sal my doodmaak!"
>
> "Hy hoef nie te weet nie."
>
> "Kate, jy weet nie wat jy praat nie! Ek is klaar in die moeilikheid by jou pa. Patterson sê ek het sy pan gesteel en jou pa sê die pan moet uitkom of hy vat my magistraat toe."
>
> Hy sal vir MacDonald werk tot Kate weggaan, het hy besluit. Net tot dan. Maar toe kom sê oom Gert van Arend.

2.15 Waarom was Kate "bleek" (reël 1) toe sy by Saul kom? (1)

2.16 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

Kate het gedink Saul was net soos die skrywer (Charles Dickens/Oliver Twist). (1)

2.17 Kate het Saul aangemoedig om Engels te leer en te lees. Hoekom kon Saul nie boeke by die biblioteek op die dorp uitneem nie? (1)

2.18 Waarom wou MacDonald vir Kate Kaap toe stuur? (1)

2.19 Wat het finaal daartoe gelei dat Saul sy werk by MacDonald verlaat het? (1)

2.20 Waarom, dink jy, het Saul reg besluit toe hy geweier het om Kate in die Bos weg te steek? (1)

2.21 Kate het jare later teruggekeer om vir haar pa te kom werk.

2.21.1 Dui aan of die stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

2.21.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 2.21.1. (1)

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

2.22 Kies elke keer 'n karakter uit KOLOM B om by die stelling in KOLOM A te pas. Skryf slegs die vraagnommer (2.22.1–2.22.4) en die antwoord neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 2.22.1 | Dié persoon het gereël dat Kate met Saul praat. | A | James Stopforth |
| 2.22.2 | MacDonald het vir Saul laat weet dat hierdie persoon aan Kate verloof gaan raak. | B | Jane |
| 2.22.3 | Saul het dié persoon aan die einde van die verhaal gevra om vir Kate te gaan roep. | C | Beth |
| 2.22.4 | Hierdie persoon wou graag met Saul trou. | D | Maska |
| | | E | James Stewart |

(4 x 1) (4)

2.23 Watter geskenk het Kate aan Saul gestuur toe hy besluit het om Engeland toe te gaan? (1)

2.24 Watter leuen het mev. MacDonald vir Saul vertel om hom te oortuig dat hy nie goed genoeg vir Kate was nie? (1)

2.25 Kate het dit vir Saul moontlik gemaak om na Oupoot se dood in Knysna agter te bly.

2.25.1 Dui aan of die stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

2.25.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 2.25.1. (1)
**[35]**

**OF**

**VRAAG 3: OPSTELVRAAG**

***DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver**

Sharon was Hanna se beste vriendin en het by die gesin op die berg kom kuier.

Skryf 'n OPSTEL (250–300 woorde) waarin jy die volgende bespreek:

- Sharon se aankoms by die berghuis
- Sharon se ervaring van die berghuis
- Sharon se interaksie met Hanna en Yann

Jou opstel moet 'n inleiding en 'n slot hê. **[35]**

**OF**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

### *DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

> (Ek kon nie ’n *k* sê tot kort voor my tweede verjaardag nie.) Nie *mamma* of *pappa* soos normale babas nie (sê Mana trots) maar die grootste filosofiese vraag van alle tye: *Hoekom?*
>
> Liewe leser, wat anders kon ek sê? *Mamma* was ’n onbekende woord, want Mana het haarself nooit só genoem nie. En *pappa* was nie net ’n onbekende woord nie, dit was heeltemal ’n onbekende begrip. Toe ek tien maande oud was, het Gavin lankal nie meer saam met ons gewoon nie. Nee, hulle is nie kwaad uitmekaar nie, hulle het vooraf besluit sy sou my alleen grootmaak. Gavin sou nie babakots op sy modieuse klere kon hanteer nie.
>
> As jy my vra (nie dat iemand my al ooit gevra het nie), was my eerste woord ’n gil van woede. *Hoekom kan ek nie maar ’n normale baba met ’n normale ma en ’n normale pa wees nie?*
>
> En nou is ek vasgekeer op ’n berg waar ek oor tien dae my vyftiende verjaardag moet vier, saam met my abnormale ma, my ingewikkelde gesin, my beste vriendin en – *wait for this* – my pa met die peroksiedhare. Ek was vreeslik dankbaar toe Sharon vra of sy nie ook so ’n stukkie van hierdie vreemde wittebrood saam met my kan kom hou nie. (Sy dink mos my gesinslewe is opwindend. Ná ’n paar dae saam met ons op die berg sal sy beslis anders dink.) En ek was vieslik ondankbaar toe Gavin uit Johannesburg laat weet hy wil óók my verjaarsdag saam met my kom vier.

4.1 Hoekom het Mana nooit na haarself as “mamma” verwys nie? (1)

4.2 Mana het met die eerste twee babas wat sy wou gehad het, vreemde besluite geneem.

4.2.1 Wie het sy gebruik om Hanna te “skep”? (1)

4.2.2 Hoe is Tibo “geskep”? (1)

4.3 Hoe het Mana van die begin af na haar derde, ongebore baba verwys? (1)

4.4 Wat suggereer Hanna se filosofiese vraag in reël 3? (1)

4.5 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Mana het besluit dat die hele gesin saam met haar en Beyers berghuis toe moes gaan, omdat ...

A hulle mekaar beter moes leer ken.
B dit normaal was om so iets te doen.
C sy self na haar kinders wou omsien.
D die kinders graag in die berghuis wou bly. (1)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


4.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Die berghuis waar die gesin met vakansie was, was op ...

A Onderbotterberg.
B Bitterberg.
C Botterberg.
D Onderbitterberg. (1)

4.7 Gavin het spesiaal van Johannesburg af gekom om by Hanna te wees vir haar vyftiende verjaarsdag.

4.7.1 Dui aan of die stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

4.7.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 4.7.1. (1)

4.8 Verduidelik waarom Hanna se gesin kompleks was. Noem TWEE feite. (2)

4.9 Watter TWEE aanduidings is daar in die verhaal dat Yann tog vir Hanna omgegee het? (2)

4.10 Wat het Hanna van Beyers as man gedink? (1)

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

> Liewe leser, daar het so baie dinge gebeur die afgelope paar dae dat ek amper van Fabienne vergeet het. Die koms van die reën, die koms van die eerste queen, die koms van die tweede queen. Die reën wat nie wil ophou nie. Steeds nie. En my verjaarsdag, natuurlik. Maar dis nou nie asof my lewe skielik in ꞌn sprokie verander het nie. Ek is steeds vasgekeer in ꞌn huis met ꞌn lekkende dak op ꞌn verlate berg. Al wat ek sien as ek by die venster uitkyk, is die lae wolke bo die huis, die groen bossies rondom die huis, en ꞌn rivier van modder waar die voetpaadjie voorheen was. En ek is steeds geïrriteer deur Margot ...

4.11 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

Gavin het glad nie soos ꞌn (akteur/mode-ontwerper) gelyk toe hy by die berghuis aangekom het nie. (1)

4.12 Aan die einde van die verhaal het Gavin die kinders besig gehou toe hulle alleen in die berghuis agtergebly het. Wat het Gavin tydens hierdie insident gedoen wat jou laat lag het? (1)

4.13 Die stories wat Hanna oor Fabienne uitgedink het, het ooreengestem met dit wat in Hanna se lewe gebeur het.

4.13.1 Dui aan of hierdie stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

4.13.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 4.13.1. (1)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

4.14 Kies elke keer 'n persoon uit KOLOM B om by die inligting in KOLOM A te pas. Skryf slegs die vraagnommer (4.14.1–4.14.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 4.14.1 | Die karakter drink graag groen tee. | A | Gavin |
| 4.14.2 | Die karakter het ʼn goeie verbeelding en kan na ʼn ander wêreld ontvlug. | B | Mana |
| | | C | Beyers |
| 4.14.3 | Die karakter kan ʼn begrafnis in ʼn fees verander. | D | Hanna |
| 4.14.4 | Die karakter doen graag verhoogwerk en is ook aanbieder en omroeper. | E | Margot |

(4 x 1) (4)

4.15 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die vraagnommer (4.15.1–4.15.4) en die antwoord neer.

| |
|---|
| skildersessie; spelkompetisie; konsert; ontbyt; speletjie; partytjie; danskompetisie; oefening |

Die gesin moes hulle in die aande self met ʼn (4.15.1) ... besig hou, want daar was nie elektrisiteit in die huis nie. Beyers het gesorg dat die gesin in die oggende (4.15.2) ... kry. Toe hulle besef dat hulle vasgekeer was, het Gavin ʼn (4.15.3) ... voorgestel om almal in die huis se aandag van die reën af te trek. Nadat die helikopter vertrek het, het Gavin ʼn (4.15.4) ... gehou sodat die kinders besig kon bly. (4)

4.16 Gee ʼn rede waarom die gesin letterlik op die berg vasgekeer was. (1)

4.17 Gee ʼn rede waarom Hanna aan die begin figuurlik op die berg vasgekeer gevoel het. (1)

4.18 Hoe het Hanna oor Yann en Sharon se vriendskap gevoel? (1)

4.19 Wat, dink jy, het Margot as ma teenoor haar seuns verkeerd gedoen? (1)

4.20 Was Margot ʼn maklike kuiergas as jy aan haar optrede aan tafel dink? Gee ʼn rede vir jou antwoord. (1)

4.21 Hoe het Sharon se ouers tot die gesin se redding gekom? (1)

4.22 Hoekom was dit vir Margot so belangrik om van die berg af te kom? (1)

4.23 Hoe was Hanna se houding teenoor haar nuwe babasussie? (1)

4.24 Het Mana se plan om die gesin bymekaar te bring, uiteindelik geslaag? Motiveer jou antwoord. (1)
**[35]**

**OF**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 5: OPSTELVRAAG**

***MEEULANDERS* – Esta Steyn**

Op die eiland het Ryna erken: "Ek weet nie wat my lewe sonder Meeuland sal beteken nie."

Skryf 'n OPSTEL (250–300 woorde) waarin jy vertel:

- Hoekom Ryna op Meeuland gaan bly het
- Hoe Ryna se ervarings op die eiland haar lewe beïnvloed het
- Wat die redes was waarom Ryna nie van die eiland af kon weggaan nie

Jou opstel moet 'n inleiding en 'n slot hê. **[35]**

**OF**

**VRAAG 6: KONTEKSTUELE VRAAG**

***MEEULANDERS* – Esta Steyn**

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Mollie trek 'n laai in die kabinet oop en begin soek deur 'n paar onafgehaalde lone-koeverte. "Kinnie Kuiper? Nee. Hier is wel 'n Veronica Kuiper."

"Dis sy! Jacoba Veronica!" jubel Jannerik.

Die naam Veronica slaan vir Fred Blankenberg teen die kop. Hy stap na sy kantoor en maak die deur agter hom toe. Hy bly teen die kosyn staan en rem sy das los. Die wêreld het meteens vir hom baie klein geword. Die veraf dreuning van die bote se pompe word 'n donderende gemaal in sy kop.

Shit! Hy het die aand laat gewerk. En toe hy onder by die hek uitry, het sy daar gestaan: die ene lyf.

Nou voel dit asof 'n koue vrees hom wil laat omkantel. Hy word bewus van sweet op sy voorkop soos een wat koors kry. Al wat hy van haar kan onthou, is haar oë. Toe hy klaar was, het hy 'n rol note uit sy sak gehaal. "Wat is jou naam?"

"Veronica, meneer." Sy het met bang oë na hom gekyk.

"Ek wil nooit weer hiervan hoor nie."

"Nee, meneer."

Maar hy het weer van haar gehoor. Hoe de hel kon hy weet haar pa werk vir Jacob Langhans van alle mense?

Shit!

6.1 Waarom het Jannerik Kinnie se geld by die fabriek gaan haal? (1)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

6.2 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

"Die naam Veronica slaan vir Fred Blankenberg teen die kop" (reël 4) beteken Fred was ... toe hy die naam gehoor het.

A geskok
B ongelukkig
C teleurgesteld
D verbaas (1)

6.3 Wat suggereer die woorde: "Die wêreld het meteens vir hom baie klein geword"? (Reëls 6–7) (1)

6.4 Fred het die misbruik van Veronica net as 'n saketransaksie beskou.

6.4.1 Dui aan of hierdie stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

6.4.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 6.4.1. (1)

6.5 Gee EEN woord om Fred se houding in reël 16 te beskryf. (1)

6.6 Wat het die volgende persone gedoen toe hulle gehoor het wat Fred aan Kinnie gedoen het?

6.6.1 Skalla (1)

6.6.2 Sheila (1)

6.7 Hoekom, dink jy, was Fred se optrede teenoor Kinnie verkeerd? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (2)

6.8 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

Fred was ontrou aan sy vrouens, want hy was 'n (vrouehater/vrouejagter). (1)

6.9 Kies elke keer 'n naam uit KOLOM B om by die stelling in KOLOM A te pas. Skryf slegs die vraagnommer (6.9.1–6.9.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 6.9.1 | Sy het Fred van Janka vertel. | A | Sheila |
| 6.9.2 | Sy was Fred se eerste vrou. | B | Elsabet |
| 6.9.3 | Fred het 'n verhouding met haar in die Kaap gehad. | C | Ryna |
| | | D | Jackie |
| 6.9.4 | Fred het na sy eerste vrou se dood met haar getrou. | E | Doreen |

(4 x 1) (4)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

6.10 Toe Fred die waarheid oor Janka se geboorte hoor, het hy belowe dat Janka altyd op hom sou kon staatmaak vir hulp.

6.10.1 Waarom kon ’n mens vir Fred respekteer vir hierdie belofte wat hy gemaak het? (1)

6.10.2 Dink jy dit sou beter vir Janka gewees het om by Fred te bly? Motiveer jou antwoord. (1)

6.11 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Na Janka se ongeluk het ... besluit dat Fred moes weet dat Janka sy kind was.

A Jannerik
B Jacob
C Skalla
D Ryna (1)

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

“Wat is dit, ant Ousanna?” Sy hoop nie dis ’n lang storie nie.

“Jy is veertig jaar oud vandag,” sê Ousanna in die lug in.

Doreen dek die paar borde van die ontbyttafel af, want sy is te haastig om stil te staan. “Ja, ant Ousanna. Ek word nie jonger nie.”

“Ek wil maar net sê, Doreen, dat partykeer gebeur dit in ’n vrou se lewe ... dat sy iemand ontmoet wat haar oë, haar stem ... haar hele gelaat laat gloei.”

Doreen se hande word stil in die wasbak. “Waarvan praat ant Ousanna tog?”

Ant Ousanna kan tog partymaal sommer ’n gedagte uit die lug uit gryp.

“Jy weet waarvan ek praat. Blus hom, my kind. Nou. Terwyl die vlam nog net ’n vonk is.”

Doreen kyk haar ontsteld aan. ’n Oomblik lank is sy lus om ’n verskriklike ding vir die ou vrou te sê. Maar Donavan kom in. “Ons moet ry, Mammie.”

Sy soengroet ant Ousanna en voel die stramheid in die ou vrou se skouers aan.

“Ant Ousanna is verniet begaan,” sê sy sag. Maar sy weet die ou vrou glo haar nie.

6.12 Doreen het na haarself as “die onbesproke juffrou Bindeman” verwys.

Wat sê hierdie woorde van Doreen se karakter? (1)

6.13 Hoekom het Doreen die oggend van haar veertigste verjaarsdag so ontevrede met haar lewe gevoel? (1)

6.14 Wie is die “iemand” wat Doreen ontmoet het wat haar “hele gelaat laat gloei” het? (Reël 6) (1)

6.15 Watter emosie spreek uit Doreen se hande wat “stil (word) in die wasbak”? (Reël 7) (1)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

6.16 Wat het ant Ousanna bedoel toe sy vir Doreen gesê het: "Blus hom, my kind. Nou. Terwyl die vlam nog net 'n vonk is"? (Reëls 9–10) (1)

6.17 Wat het Doreen besef toe sy vir ant Ousanna "ontsteld" aangekyk het? (Reël 11) (1)

6.18 Doreen het gelieg toe sy gesê het ant Ousanna is verniet bekommerd.

6.18.1 Dui aan of hierdie stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

6.18.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 6.18.1. (1)

6.19 Vertel in DRIE sinne wat op Doreen se veertigste verjaarsdag by die skool gebeur het wat amper haar hele lewe verander het. (3)

6.20 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die vraagnommer (6.20.1–6.20.4) en die antwoord neer.

| goed; kalm; jammer; woedend; ongeërg; hartseer; roekeloos; bly |
|---|

Die insident by die skool het Doreen laat besef dat sy in 'n oomblik van waarheid (6.20.1) ... opgetree het. Tog was sy (6.20.2) ... toe sy en Donavan later huis toe gery het. Sy kon nie anders as om (6.20.3) ... te voel oor dít wat by die skool gebeur het nie. Sy het geweet dat as haar man hiervan moes uitvind, hy (6.20.4) ... sou gewees het. (4)

6.21 Doreen het na hierdie insident by die skool 'n groot opoffering ten opsigte van haar loopbaan gemaak. Watter opoffering het sy gemaak? (1)

6.22 Watter aanduiding was daar dat Doreen (na die opoffering in VRAAG 6.21) haar tyd by die huis goed gebruik het? (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING A: 35**

**OF**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


**AFDELING B: DRAMA**

**BEANTWOORD ÓF DIE OPSTELVRAAG ÓF DIE KONTEKSTUELE VRAAG.**

**VRAAG 7: OPSTELVRAAG**

***POPPIE, DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotzé**

In die drama is daar drie mans wat ’n rol in Poppie se lewe gespeel het.

Skryf ’n OPSTEL (250–300 woorde) waarin jy vertel van die volgende:

- Stone se rol in Poppie se lewe
- Jakkie se rol in Poppie se lewe
- Bonsile se rol in Poppie se lewe

Jou opstel moet ’n inleiding en ’n slot hê. **[35]**

**OF**

**VRAAG 8: KONTEKSTUELE VRAAG**

***POPPIE, DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotzé**

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

PLANK. Sy het vir Ouma vertel dat die pa van haar kinders in die oorlog afgedood het.

MAMA. Maar hy was nog nooit ’n pa vir my kinders gewees nie – vir hom het ek nie trane nie. Kom, Poppie.

MOSIE. Poppie is daarna saam met ma Lena na Lambertsbaai toe waar ma Lena werk gekry het by die visfabriek. (*Hy kyk om te sien of Poppie nie hoor nie – sy word altyd kwaad as daar van Mbatane gepraat word!*) Daar het sy ’n nuwe pa gekry!

POPPIE. Hy was nooit my pa nie! (*Sy het tog wel gehoor: Kwaai aan Mosie.*) Maar ek het nooit van hom gehou nie! (*Aan gehoor:*) Ek het vir hom gesê oom. Dan word hy kwaad. Toe sê ek vir hom oom Mbatane, want sy Xhosa-naam was Mbatane. Later het Plank vir hom gesê bhuti – soos mens vir ’n ouer mens sê, toe begin ek vir hom ook so sê. Maar ek het nooit vir hom Pa gesê nie. Tot vandag toe.

MOSIE. Au, Sisi! (*Terg haar totdat sy begin saamspeel.*)

8.1 Op watter dorp het Poppie tot haar negende jaar gewoon? (1)

8.2 Ouma Hannie het ’n groot rol in Poppie se opvoeding gespeel.

8.2.1 Waarom moes Poppie van haar babadae af by haar ouma woon? (1)

8.2.2 Wat het ouma Hannie vir Poppie geleer wat haar later, toe sy met Stone getrou het, gehelp het? (1)

8.2.3 Watter kompliment, lank na ouma Hannie se dood, het Stone vir Poppie se ouma gegee? (1)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

8.3 Ouma Hannie was baie streng met haar kleinkinders.

8.3.1 Watter gedrag het sy nie toegelaat nie? (1)

8.3.2 Hoe het sy gewys dat sy nie van daardie gedrag gehou het nie? (1)

8.4 Watter aanduiding is daar in die drama dat ouma Hannie ...

8.4.1 godsdienstig was? (1)

8.4.2 trots op haar taal was? (1)

8.5 Noem DRIE ooreenkomste tussen Poppie se lewe en haar ouma se lewe. (3)

8.6 Waarom kon Poppie tydens die sestigerjare nie so vry rond beweeg soos ouma Hannie in haar lewe nie? (1)

8.7 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

Poppie en haar broers het gedurende hulle kinderjare (tyd in die natuur deurgebring/deelgeneem aan protesaksies). (1)

8.8 Waarom het Poppie en haar broers as kinders net Afrikaans gepraat? (1)

8.9 Poppie het op Lambertsbaai skoolgegaan.

8.9.1 Dui aan of hierdie stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

8.9.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 8.9.1. (1)

8.10 Kies elke keer 'n persoon in KOLOM B om by die stelling in KOLOM A te pas. Skryf slegs die vraagnommer (8.10.1–8.10.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 8.10.1 | Hy het op vyftienjarige ouderdom op die skuite begin werk. | A | Veleli |
| | | B | Hoedjie |
| 8.10.2 | Hy het vir Poppie skoolliedjies geleer. | C | Jakkie |
| 8.10.3 | Hy wou altyd die tydskrif *Jongspan* vir homself hou. | D | Mosie |
| 8.10.4 | Hy was Poppie se gunstelingboetie. | E | Plank |

(4 x 1) (4)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

8.11 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Toe Poppie dertien jaar oud was, het sy as ... gaan werk.

A skoonmaker
B huisbediende
C kantoorwerker
D kinderoppasser (1)

8.12 Dink jy Poppie het genoeg tyd gehad om haar kinderjare te geniet? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (2)

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

OU MAN. Poppie is klaar vyftien en haar lyf is vol. (*Praat direk met Mama.*)

MAMA. Poppie ... jy moet begin dink aan trou.

POPPIE. Wil Mama hê ek moet ja sê vir hierdie ou manne wat kom vra vir my? Ga ... ek soek nie die ou manne nie! (*Aan gehoor:*) Maar toe ontmoet ek nou hierdie man van my met wie ek toe mee getroud is. (*Stone beweeg nader na Poppie.*) Ek het regtig nie eers van hom gehou nie, want hy het van Herschel, in die Ciskei gekom, hy het vir sy oudste boetie, Witbooi, kom kuier en nou kry hy werk in die fabriek as boilerman. Ek sien hom in die fabriek, maar ek het nooit met hom gepraat nie.

MOSIE. Stap saam met ons na bhuti Witbooi se huis toe, Poppie. Sy jonger boetie kuier by hom.

HOEDJIE. Sy naam is Stone, maar hulle sê sommer vir hom ou Klip.

PLANK. Hulle sê hy't klaar 'n ogie op jou ...

POPPIE. Ek is nie lus nie. Ek is nie gewoond aan die mense wat van die land af kom nie. (*Aan gehoor:*) Maar toe begin hy briefies aan my skrywe, so skelm-skelm. Ek was toe sestien.

8.13 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Poppie se familie het ingestem dat Poppie en Stone kon trou toe ...

A hulle gehoor het dat Stone Afrikaans gepraat het.
B Stone gesê het dat Plank die strooijonker kon wees.
C hulle agtergekom het dat Stone en Poppie mekaar liefgehad het.
D Stone bereid was om binne 'n jaar die *lobola* te betaal. (1)

8.14 Poppie het haar man na die geboorte van haar seun steeds Stone genoem.

8.14.1 Dui aan of die stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

8.14.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 8.14.1. (1)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

8.15 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die vraagnommer (8.15.1–8.15.4) en die antwoord neer.

| |
|---|
| melkery; dammetjie; stene; eenkamerhuis; munisipaliteit; sinkplaat; tuintjie; dubbelverdieping |

Poppie en Stone het aan die begin lekker in Lambertsbaai gewoon. Stone het vir hulle 'n erf van die (8.15.1) ... gekry. Hy het vir hulle op hierdie erf 'n (8.15.2) ... gebou. Hulle huis was gerieflik, al was dit van (8.15.3) ... en plank gebou. Daar was selfs 'n (8.15.4) ... voor die huis. (4)

8.16 Op watter dorp het Poppie gewoon toe Stone dood is? (1)

8.17 Waarom is Poppie se huwelik 'n motoriese moment in hierdie drama? (1)

8.18 Waarom, dink jy, was dit belangrik dat Poppie se kinders moes skoolgaan? (1)

8.19 Hoekom sal hierdie drama vrouens kan inspireer? (1)

8.20 Bonsile beteken "iets het reggekom". Dink jy Poppie het 'n rede gehad toe sy haar oudste seun hierdie naam gegee het? Motiveer jou antwoord. (1)
**[35]**

**OF**

**VRAAG 9: OPSTELVRAAG**

***PALJAS* – Chris Barnard**

Nadat Manuel en die sirkus op Toorwater aangekom het, het Willem vir Manuel ontmoet. Só het Manuel deel van Willem se lewe geword en het later ook 'n vriendskap met Hendrik begin.

Skryf 'n OPSTEL (250–300 woorde) waarin jy vertel van die volgende:

- Manuel se aankoms en eerste ontmoeting met Willem op Toorwater
- Manuel se rol in Willem se lewe
- Die vriendskap wat tussen Manuel en Hendrik ontwikkel het

Jou opstel moet 'n inleiding en 'n slot hê. **[35]**

**OF**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 10: KONTEKSTUELE VRAAG**

***PALJAS* – Chris Barnard**

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

> Die nar kom deur die veld aangestap. Hy dra Willem se fiets oor sy skouer, en in sy los hand die fietsketting. Die ketting het gebreek. Hy het nog dieselfde mondering aan as die oggend in die kerk, maar sy grimering is al erg verniel.
>
> Die nar gaan staan skielik. Want iewers was die klapgeluid van 'n geweerskoot. Die ouderling staan op die hoek van die skuur met sy geweer nog aan sy skouer. Dis hy wat geskiet het. 'n Paar henne kekkel verskrik.
>
> Sakkie du Toit kom om die hoek.
>
> SAKKIE: Wat is dit?
>
> OUDERLING BOTHMA: Ek dag ek sien iets beweeg.
>
> SAKKIE: Jy moenie sommer skiet nie, man. Nou't jy die hele wêreld wakker.
>
> Nollie en Emma hang by die sitkamervenster uit.
>
> NOLLIE: Hier's moeilikheid. *(Hy klouter deur die venster buite toe.)*
>
> EMMA: Nollie wag!
>
> NOLLIE: Jou pa is daar ...
>
> Die nar staan en kyk na die McDonald-werf. Hy is omtrent driehonderd meter van die huis af, half agter die bome. Hy sien Nollie oor die werf hardloop in die rigting van die skuur, en Katrien wat by die wasgoeddraad staan en roep na Willem. Dan begin sy hardloop.

10.1 Wat het die dominee tydens sy huisbesoek gesê wat Willem ontstel het? (1)

10.2 Hoekom het die ouderling en Sakkie du Toit die nar juis by die skuur gaan soek? (1)

10.3 Hendrik het geweet wie die hanswors was van wie die ouderling gepraat het.

10.3.1 Dui aan of die stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

10.3.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 10.3.1. (1)

10.4 Noem TWEE skinderstories wat die dorpsmense oor Willem vertel het. (2)

10.5 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

Toe die mans op die nar geskiet het, was hulle nie bang vir die gevolge nie, want hulle het geglo dat (hulle die gemeenskap sou red/die dominee aan hulle kant was). (1)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

10.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Thys Briekman het vir Emma gevra waar die nar was en was sarkasties toe hy gevra het of ...

A Emma gedink het haar klavierspel sou hulle aandag aftrek.
B die nar moontlik in een van die kaste weggekruip het.
C sy ook gedink het dat die nar glad nie bestaan nie.
D sy ook stom was en haar tong ook afgesny was. (1)

10.7 Wie het die nar geskiet? (1)

10.8 Hoe het Willem aan Hendrik verduidelik wie die nar was? Noem TWEE feite. (2)

10.9 Wat het Hendrik gedoen nadat Willem verduidelik het wie die nar was? (1)

10.10 Hoekom het Willem nie aan die begin vir sy ouers van die nar in die skuur vertel nie? (1)

10.11 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die vraagnommer (10.11.1–10.11.4) en die antwoord neer.

| onttrek; luister; toor; aanvaar; stry; baklei; kommunikeer; kyk |
|---|

Die nar se paljas het baie mense positief beïnvloed. Manuel het vir Willem geleer (10.11.1) ... Emma het Nollie begin (10.11.2) ... Hendrik en Katrien het weer na mekaar begin (10.11.3) ... Die McDonald-gesin het weer met mekaar begin (10.11.4) ... (4)

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

MANUEL (*wys nee*): Dis Willem s'n. Hy moet leer om dit te speel. (*Tot Willem.)* Onthou nè, jy't belowe. Oefen daardie paar drukke wat ek jou gewys het. (*Tot Hendrik.)* Hy gaan die ding leer speel, en hy gaan aanhou glimlag.

Die trein begin trek.

HENDRIK: Gou hier's nog. (*Hy gee iets aan en Manuel gryp.*) Al jou toorgoed.

Hulle lag.
Die trein ry.

Almal staan en waai.
Willem hardloop al langs Manuel se venster en waai.


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Katrien en Emma is besig om aan te trek. Katrien het 'n mooi rok aan wat sy voor die spieël staan en bekyk. Die rok se kleur pas presies by die blou oorkrabbers.

KATRIEN: Jong, lyk ek nie bietjie soos 'n tert nie?
EMMA: Ma kan nie soos 'n tert lyk nie, al smeer ons Ma vol jam.
KATRIEN: Maar dis bietjie oop hierso. *(Sy wys vaagweg bo langs.)*
EMMA: Ag, Ma!
Daar is 'n klop aan die deur.

HENDRIK: Kan ek inkom?
Maar hy kom in sonder toestemming – en steek vas.
Hy het 'n das en baadjie en wit langbroek aan.

HENDRIK: Demmit, maar jy's mooi!
KATRIEN (*uit die veld geslaan*): Dankie!

10.12 Manuel het besluit om permanent op Toorwater te bly.

10.12.1 Dui aan of die stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

10.12.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 10.12.1. (1)

10.13 Noem DRIE maniere waarop die McDonalds Manuel versorg het nadat hy geskiet is. (3)

10.14 Waarom was Hendrik kwaad oor die blou oorkrabbers wat Katrien gekoop het? (1)

10.15 Waarheen was die gesin in hierdie uittreksel op pad met hulle deftige klere? (1)

10.16 Kies elke keer 'n persoon uit KOLOM B wat die woorde in KOLOM A gesê het. Skryf slegs die vraagnommer (10.16.1–10.16.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 10.16.1 | "Vanaand is die aand wat die manne vuis slaan oor jou!" | A | Willem |
| | | B | Sakkie |
| 10.16.2 | "Dis al wat ons doen heeltyd. Ons maak of niks gebeur het nie." | C | Emma |
| 10.16.3 | "Ons het maar net kom sê ons is jammer oor daardie spul. Dit was nie nodig nie." | D | Hendrik |
| | | E | Frans |
| 10.16.4 | "Jy't gesê lag is beter as huil." | | |

(4 x 1) (4)

10.17 Hoekom, dink jy, was Katrien so verbaas toe Hendrik vir haar gesê het dat sy mooi is? (1)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

10.18 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Manuel het sy ... vir Willem gegee as bewys van die hoop vir die toekoms.

A toorgoed
B paljas
C trekklavier
D konsertina (1)

10.19 Hoe het Hendrik teenoor die dorpsmense opgetree toe hulle na die eiergooiery op Toorwater aangekom het? (1)

10.20 Emma het na die Volstruisdans vir haar ouers gesê: "Ons gaan nooit weer maak of niks gebeur het nie, Pa. Ons gaan oor als praat. Al maak dit hoe seer."

Hoe, dink jy, gaan dit die McDonalds help as hulle oor hulle probleme praat? (1)

10.21 Wat simboliseer die treine in hierdie drama? (1)

10.22 Hoe, dink jy, was die verhouding tussen die McDonalds en die dorpsmense na die Volstruisdans? (1)

10.23 Die drama eindig met Willem wat bo-op die windpomp sit. Motiveer waarom dit 'n effektiewe slot is. (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING B: 35**

**OF**

eduresourceza.com


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## AFDELING C: KORTVERHALE

***STORIEJOERNAAL***

**BEANTWOORD ÓF DIE OPSTELVRAAG ÓF DIE KONTEKSTUELE VRAAG.**

**VRAAG 11: OPSTELVRAAG**

***Die storie van Piet se oupa* – AH de Vries**

Die lewe van Piet se oupa was interessant!

Skryf ’n OPSTEL (250–300 woorde) waarin jy vertel van die volgende:

- Oupa se tagtigste verjaarsdagpartytjie
- Die vrouens in Oupa se lewe
- Wat die dag gebeur het toe Oupa in die hospitaal beland het

Jou opstel moet ’n inleiding en ’n slot hê. **[35]**

**OF**

**VRAAG 12: KONTEKSTUELE VRAAG**

***Rooi kombersie* – Rachelle Greeff**

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

> Lila se ma het die kombers destyds vir haar in Port Elizabeth gekoop, die vakansie voor sy universiteit toe is in die Boland. Hulle het gewoon op ’n dorp in die Groot-Karoo waar haar stiefpa, oom Kakie, ’n klerewinkel gehad het. Hulle huis was vas aan die winkel. Daardie vakansie in Port Elizabeth het hulle nóg universiteitsgoed gekoop, maar dis net die kombers wat sy onthou. Aan die einde van Lila se eerste jaar op universiteit is sy vir die somervakansie huis toe. Sy moes haar deel van die dubbelkoshuiskamer, waar die kombers heeljaar op haar bed gelê het, ontruim. Alles is in die bagasiebak van die Rambler Rogue (wat oom Kakie net ’n maand tevore op Springfontein in die Vrystaat gaan koop het) saam terug Karoo toe. Die kombers het langs haar op die agtersitplek gelê. In sy voue, versteek vir haar ma en oom Kakie, was die jaar se verrassings, die skrik, die nuwe, vreemde drome. Sy sou nog besluit wat sy met hulle sou deel.

12.1 Hoe lank het Lila al hierdie rooi kombersie gehad? (1)

12.2 Hoe weet ons dat Lila moeite gedoen het om hierdie kombersie goed op te pas? Noem TWEE feite. (2)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

12.3 Voltooi die paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die vraagnommer (12.3.1–12.3.4) en die antwoord neer.

| |
|---|
| deurskynend; huis; gewigloos; enkelbed; kole; waatlemoene; dubbelbed; tamaties |

Vir Lila was die kombersie iets besonders. Dit was ŉ (12.3.1) ...-kombers. Die kombers was warm, tog (12.3.2) ... Die kleur van die kombers kon ŉ mens vergelyk met die binnekant van ryp (12.3.3) ... Toe die brand uitgebreek het, het die kombers soos die hart van die (12.3.4) ... gelyk. (4)

12.4 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

In Lila se kombers se voue was "die jaar se verrassings, die skrik, die nuwe vreemde drome" versteek. Dit beteken dat Lila ...

A sigarette in die kombers se voue weggesteek het.
B al die ervarings van haar eerste jaar saamgevat het huis toe.
C snags snaakse drome gedroom het.
D se ervarings daardie jaar net negatief was. (1)

12.5 Watter mal ding het Lila, volgens tannie Koekie, tydens die brand gedoen? Sê hoekom Lila dit gedoen het. (2)

12.6 Lila het besef dat ŉ brand ŉ mens "klein" kan maak. Wat word met dié aangehaalde woord bedoel? (1)

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Lila is groen. Só omgewingsvriendelik dat sy miere met tabakstof verjaag en plantluise – suksesvol – met knoffel vermoor. In haar huis is daar ook geen spuitkannetjies nie, veral nie dié met gif vir vlieë of kakkerlakke nie. Niks word ooit vergiftig nie – behalwe moontlik die kleremotte in haar rooi kombersie.

********************

Dit het ŉ hoë, spits dak en staan alleen bo-op ŉ berg, nie ver van Kaappunt nie. Rondom die huis is alles groen.
Sy't die baie reën van die Skiereiland gewoond geraak en liefgekry. Die sewejaarsoutbosse van die Karoo het sy nooit vergeet nie (haar ma, wat verseg om dood te gaan en nou al met haar derde man getroud is, woon steeds op die dorp), maar nou is sy elke dag doenig met die bewaring van fynbos en die uitroei van indringerplante, van denne, rooikrans, stinkboon en portjackson. Sy ken haar nuwe wêreld se baie plante soos kinders elkeen by die naam, sy en Daniel, haar man. Maartlelies, vuurlelies, sewejaartjies, speldekussings. Hulle hou werkwinkels, dien in omgewingskomitees, skryf pamflette, briewe aan dagblaaie en word vereer vir hulle diens aan die omgewing. Dis net sy en Daniel en die twee katte, Scar en Frats. Lila loop verkieslik kaalvoet en haar ligte sondor hare is lank en los, soos dié van party vroue wat in die sestigerjare jonk was.


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

12.7 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

Lila het nie daarvan gehou om gif te gebruik nie, behalwe as insekte haar (rooi kombersie beskadig/plante opvreet). (1)

12.8 Kies elke keer 'n persoon uit KOLOM B om by die beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die vraagnommer (12.8.1–12.8.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 12.8.1 | Hierdie persoon was na al die jare nog Lila se kontak met die Karoo. | A | Oom Frikkie |
| | | B | Ma |
| 12.8.2 | Hierdie persoon het tydens die inbraak kortaf en streng met Lila gepraat. | C | Inbreker |
| 12.8.3 | Hierdie persoon het die rooi kombers om Lila se skouers gevou. | D | Daniel |
| | | E | Oom Kakie |
| 12.8.4 | Hierdie persoon het met die assuransiepapiere by die huis uitgehardloop. | | |

(4 x 1) (4)

12.9 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

'n Aanduiding dat Lila "groen" was, is dat ...

A al die plantegroei om haar huis groen was.
B sy aan die reën in die Kaap gewoond was.
C die bewaring van die natuur vir haar belangrik was.
D sy saans met wawyd oop vensters geslaap het. (1)

12.10 Hierdie kortverhaal word chronologies vertel.

12.10.1 Dui aan of hierdie stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

12.10.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 12.10.1 deur na die begin en einde van die kortverhaal te verwys. (1)

12.11 Wat het die inbrekers tydens die inbraak met Lila en Daniel gedoen? Vertel in DRIE sinne. (3)

12.12 Lila het twee slegte ervarings in haar lewe gehad: die brand en die inbraak.

12.12.1 Gee EEN woord wat die atmosfeer net voor albei situasies beskryf. (1)

12.12.2 Watter simboliese betekenis het die rooi kombersie tydens die inbraak vir Lila gehad? (1)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

12.13 Noem TWEE dinge wat Daniel vir die inbrekers wou gee. (2)

12.14 Toe Lila die inbrekers gesien het, was sy kalm.

12.14.1 Dui aan of hierdie stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

12.14.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 12.14.1 deur na Lila se eerste reaksie te verwys. (1)

12.15 Noem EEN wapen wat die inbrekers gehad het. (1)

12.16 Watter belangrike besitting van Daniel het die inbreker in die werkkamer gevat? (1)

12.17 Waarom is die slot van die verhaal ironies as jy aan Lila se leefwyse dink? (2)

12.18 Dink jy Daniel het tydens die inbraak reg opgetree? Motiveer jou antwoord. (1)

12.19 Watter belangrike les het jy uit die inbraak oor veiligheid geleer? (1)

12.20 Watter groot probleem in Suid-Afrika word uitgelig as jy dink aan dit wat met Daniel en Lila gebeur het? (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING C: 35**

**OF**

eduresourceza.com


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## AFDELING D: GEDIGTE

***VERSJOERNAAL***

**BEANTWOORD TWEE VAN DIE VOLGENDE GEDIGTE.**

**VRAAG 13: KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die volgende gedig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**Stad in die mis – DJ Opperman**

Met gespanne spier
loop ek deur die mis
want om my sluip ʼn dier
onder wit duisternis;
ek hoor hom knor en in oop mote
waggel sy pilare-pote
en sy kantelende rug metaal:
op hoeke van die strate blink
sy oë bloedbelope,
en met sy hap sluit staal op staal

13.1 In watter plek speel hierdie gedig af? (½)

13.2 Gee EEN WOORD wat sê hoe die spreker voel as hy deur die stad stap. (1)

13.3 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die vraagnommer (13.3.1–13.3.2) en die antwoord neer.

| kontraste; leestekens; enjambement; klanknabootsing |
|---|

Die digter gebruik (13.3.1) ... om die beweging van die dier en die spreker te beklemtoon. Die gebruik van (13.3.2) ... verdeel die gedig in drie dele om die fokus elke keer op ʼn ander plek te plaas. (2)

13.4 Kies elke keer 'n woord uit KOLOM B om by die beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die vraagnommer (13.4.1–13.4.3) en die letter (A–D) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 13.4.1 | wit duisternis | A | verkeersligte |
| 13.4.2 | kantelende rug | B | besoedeling |
| 13.4.3 | oë bloedbelope | C | dakke |
| | | D | motors |

(3 x 1) (3)

13.5 Watter EEN WOORD beskryf die oop gebiede tussen die geboue in die stad? (1)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

13.6 Daar is 'n derdepersoonspreker in hierdie gedig.

13.6.1 Dui aan of hierdie stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

13.6.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 13.6.1 deur EEN VERSREËL uit reël 5–7 aan te haal. (1)

13.7 Watter woord sê dat die dier moeilik beweeg het? (1)

13.8 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

Die herhaling van die s-klank in die woorde "gespanne spier" is 'n voorbeeld van (assonansie/alliterasie). (1)

13.9 Watter TWEE dinge kon die spreker die dier hoor doen? (2)

13.10 Wie is die "hom" waarna in versreël 5 verwys word? (1)

13.11 Wat moet die spreker in hierdie gedig doen om veilig in die stad te voel? (1)

13.12 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

In hierdie gedig is die stad soos 'n ... dier.

A gevaarlike
B gespanne
C bloederige
D getroue (1)

13.13 Watter gevoel oor die stad kry jy wanneer jy die woorde "staal op staal" (reël 10) lees? (1)
**[17½]**

**OF**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## VRAAG 14: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die volgende gedig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**Things that go bump in the night – Rosa Keet**

jy los my alleen
in ’n huis vol geluide
en hoe minder ek probeer luister
hoe harder klink die klank
van ’n onbekende voetstap
op die donker trap
bang vaak verdwaal ek laat
in die gange op soek
na slaap
wat om elke naghoek verdwyn
ek skrik
vir die naaldekokerstraatlig
deur skaars bewegende blare
jou jas aan die kapstok
is ’n man sonder bene
ek is bang
vir die stofsuierslang
op die vloer van die spens
en tot jy terugkom
sleep ek my vlees
soos ’n kis agter my aan

14.1 Voltooi die volgende sin. Skryf slegs EEN woord as antwoord neer.

’n “(B)ump” is ’n ... wat ’n mens hoor. (½)

14.2 Wat gebeur as die spreker minder na al die geluide probeer luister? (1)

14.3 Watter WOORD in versreël 5 dui op iets vreemds op die trap? (1)

14.4 Dink jy die spreker het rede om bang te wees? Gee ’n rede vir jou antwoord. (1)

14.5 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die vraagnommer (14.5.1–14.5.2) en die antwoord neer.

| vrees; onvermoë; geduld; ongelukkigheid |
|---|

Die tema van die gedig dui op mense se (14.5.1) ... om hulle (14.5.2) ... te verwerk. (2)

14.6 Waarna het die spreker in die gange gesoek? (1)

14.7 Wat het die spreker buite die huis gesien wat hom/haar bang gemaak het? (1)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

14.8 Dit was 'n winderige nag.

14.8.1 Dui aan of die stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

14.8.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 14.8.1 deur 'n versreël aan te haal. (1)

14.9 Wat word in versreël 17 met mekaar vergelyk? (2)

14.10 Kies die KORREKTE woord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

Dit was die spreker se (nagmerrie/verbeelding) wat hom/haar bang gemaak het. (1)

14.11 Kies elke keer 'n term uit KOLOM B om by die aanhaling in KOLOM A te pas. Skryf slegs die vraagnommer (14.11.1–14.11.3) en die letter (A–D) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 14.11.1 | "sleep ek my vlees" | A | personifikasie |
| 14.11.2 | "vaak verdwaal" | B | alliterasie |
| 14.11.3 | "jou jas aan die kapstok is 'n man sonder bene" | C | assonansie |
| | | D | metafoor |

(3 x 1) (3)

14.12 Kies die KORREKTE antwoord om die stelling mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Die woord "kis" (reël 21) word met ... geassosieer.

A slaap
B dood
C lewe
D naggeluide (1)

14.13 Hoekom is die titel van die gedig in Engels so gepas? (1)
**[17½]**

**OF**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 15: KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die volgende gedig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**Spore op die maan – Koos du Plessis**

Elke nuwe plan lê hopeloos verfrommel,
want iets sê: "Stomme drommel,
die ruimte lê vol rommel"
En ek begin verstaan:
Daar is geen nuwe oord om heen te gaan,
want, kyk, daar lê reeds spore op die maan.

Want die stad blom elke nag,
strooi sy saad en skemerdag
breek staalspruite deur die aardkors.
waar jy gaan.
Rommelberge groei omheen
en daar's swaelsuur in die reën –
en, kyk, daar lê reeds spore op die maan.

Waarheen sou ek gaan?
Ontvlug is onbegonne;
selfs droom is onbesonne,
want die wêreld is oorwonne
en ek begin verstaan:
Daar is geen nuwe paaie om te baan;
want, kyk, daar lê reeds spore op die maan.

Elke hektaar is verkoop,
elke opstal lê gesloop
en die wêreld wag verwese, in die waan
dat 'n wonder sal gebeur
om sy rusperleërs te keer –
maar, kyk, daar lê reeds spore op die maan.
Vlug na berg of woud ...
Meen jy dat daar geeneen is;
dat jy eindelik alleen is?
Ag, verspieders loer op Venus
en ek begin verstaan:
Daar is geen nuwe oord om heen te gaan,
want, kyk, daar lê reeds spore op die maan.

Elke woord is retoriek,
elke droom is bloot plastiek
en atoom's die idioom van wie verstaan.
Iewers moet 'n rusplek wees
Vir die afgematte gees –
maar, kyk, daar lê reeds spore op die maan;
duisend donker spore op die maan.
Kyk, daar lê reeds spore op die maan.

eduresourceza.com


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

15.1 Watter tipe spreker kry ons in hierdie gedig? (½)

15.2 Waarom is die plan “verfrommel”? (Versreël 1) (1)

15.3 Wie se skuld is dit dat daar “rommel” (versreël 3) in die ruimte is? (1)

15.4 Wat suggereer die woorde “Daar lê reeds spore op die maan”? (Versreël 6) (1)

15.5 Waarna verwys die woorde “want die stad blom elke nag”? (Versreël 7) (1)

15.6 Kies elke keer 'n term uit KOLOM B om by die aanhaling in KOLOM A te pas. Skryf slegs die vraagnommer (15.6.1–15.6.3) en die letter (A–D) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 15.6.1 | “Stomme drommel” | A | personifikasie |
| 15.6.2 | “Want die stad blom elke nag” | B | alliterasie |
| 15.6.3 | “die wêreld wag verwese” | C | metafoor |
| | | D | vergelyking |

(3 x 1) (3)

15.7 Die retoriese vraag in reël 14 suggereer dat die mens nog kan kies waarheen om te gaan.

15.7.1 Dui aan of hierdie stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

15.7.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 15.7.1 met ŉ aanhaling uit strofe 3. (1)

15.8 Haal EEN WOORD uit strofe 4 aan wat dieselfde beteken as **afgebreek**. (1)

15.9 Lees strofe 4.

15.9.1 Waarmee word die mens vergelyk? (1)

15.9.2 Motiveer waarom dit so ŉ goeie manier is om die mens te beskryf. (1)

15.10 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

“Ag, verspieders loer op Venus” (versreël 30) beteken dat ...

A daar alreeds mense op Venus bly.
B die mens op aarde loer wat die mense op Venus maak.
C daar gekyk word of mense op die planeet Venus kan gaan bly.
D die mense op Venus loer wat die mense op aarde maak. (1)

15.11 Watter gevoel word uit die woord “Ag” (versreël 30) afgelei? Gee ŉ rede vir jou antwoord. (2)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

15.12 Kies die KORREKTE woord tussen hakies. Skryf slegs die nommer en die antwoord neer.

Hierdie gedig is in (liriekvorm/vrye vers) geskryf. (1)

15.13 Wat is, volgens die gedig, die mens se verantwoordelikheid teenoor die natuur? (1)
**[17½]**

**OF**

## VRAAG 16: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die volgende gedig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**Die hanswors – SJ Pretorius**

1 Oor sy afsigtelike boggel
2 en kromheid, het hul hom gekoggel,
3 en bitterder was hul venyn
4 as sy vergroeide ruggraatpyn.

5 Tussen die diere in 'n hoek
6 het hy die eensaamheid gesoek:
7 "Met klere wat gedurig gaar is,
8 Wat doen die vent met sy salaris?"

9 Hy't maandeliks by die poskantoor
10 'n brief gepos of een gelees
11 by die dierkratte, oor en oor:
12 "Sou daar tog êrens iemand wees?"

13 En daardie ewige reuk en drank:
14 nie een sou huil as hy bedank,
15 maar waar hy in die sirkustent
16 aapagtig teen die firmament,
17 hoog teen die takelwerk, kon klouter,
18 die dood uittart, en, klein kabouter,
19 sy duiwelstreke uithaal onder
20 dat almal skater van die wonder,
21 is hy, hoeseer verag, verlate,
22 nog deur die baas beskou as bate.

23 Toe het 'n brief gekom eendag ...
24 Hy't oor die bed gebuk, verblind,
25 terwyl 'n boggelvroutjie, sag,
26 sterwend fluister: "Dankie, my kind ... "

16.1 Waar het die hanswors gewerk? (½)

16.2 Waaroor is die hanswors gespot? (1)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

16.3 Kies die KORREKTE woord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

Die woord "venyn" (versreël 3) sê dat die mense (onbeskof/hatig) teenoor die hanswors was. (1)

16.4 Watter EEN WOORD in strofe 2 sê dat die ander mense nie respek vir die hanswors as mens gehad het nie? (1)

16.5 Waarom het die hanswors na die diere toe gegaan? (Versreëls 5 en 11) (1)

16.6 Wat bedoel die spreker as hy sê dat die hanswors se klere "gaar" was? (1)

16.7 Waarom, dink jy, het die hanswors die brief "oor en oor" gelees? (Versreël 11) (1)

16.8 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Die vraag "Sou daar tog êrens iemand wees?" (versreël 12) suggereer dat die mense ... was, omdat iemand vir die hanswors omgegee het.

A verlig
B bekommerd
C hartseer
D verbaas (1)

16.9 Haal TWEE OPEENVOLGENDE WOORDE aan wat aandui dat die hanswors nooit lekker geruik het nie. (1)

16.10 Haal TWEE OPEENVOLGENDE WOORDE aan wat aandui hoe gevaarlik die hanswors se werk was. (1)

16.11 Die toeskouers het die hanswors se toertjies baie geniet.

16.11.1 Dui aan of hierdie stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

16.11.2 Haal EEN VERSREËL aan om jou antwoord op VRAAG 16.11.1 te motiveer. (1)

16.12 Waarom was die hanswors 'n "bate" vir sy baas? (Versreël 22) (1)

16.13 Wat suggereer die stippels aan die einde van versreël 23? (1)

16.14 Waarom, dink jy, was die hanswors "verblind"? (Versreël 24) (1)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

16.15 Kies elke keer 'n woord uit KOLOM B om by die stelling in KOLOM A te pas. Skryf slegs die vraagnommer (16.15.1–16.15.3) en die letter (A–D) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 16.15.1 | Dit verwys na die hanswors se liggaamsbou. | A | aapagtig |
| 16.15.2 | Dit verwys na die hanswors se toertjies. | B | firmament |
| 16.15.3 | Dit verwys na hoe rats die hanswors was. | C | kabouter |
| | | D | duiwelstreke |

(3 x 1) (3)
**[17½]**

**TOTAAL AFDELING D: 35**
**GROOTTOTAAL: 70**

eduresourceza.com


Downloaded from eduresourceza.com